# *Maria Se Geloof*

. . . vir 'n woord van gebed.

2 O Here, ons dank U om die voorreg te hê om weer na die huis van God toe te kom. Ek glo daar staan geskrywe in die Skrif: "Ek was bly toe hulle vir ons gesê het: 'Laat ons na die huis van die Here gaan.'" En ons ken geen groter voorreg wat ons het as om na U huis toe te kom en U te aanbid nie. En ons bid vanaand, Vader, dat hierdie 'n besondere aand sal wees as gevolg van die Teenwoordigheid van die Heilige Gees.

3 Mag die sondaars vanaand gered word, elkeen wat in Goddelike orde is. En mag al die siekte vanaand genees word en God se Naam verheerlik word. Want ons vra dit, in die Naam van Sy dierbare, geliefde Seun, ons Verlosser, Jesus Christus. Amen.

4 Julle mag maar sit. 'n Paar aande gelede, het ek 'n storie hier vertel van wat in Los Angeles gebeur het, beide vir die sigbare gehoor en die radiogehoor, van een van die mees patetiese gesigte wat ek ooit gesien het, was 'n babatjie wat sterwend was aan kanker in 'n hospitaal hier. En ek het gebly by my goeie vriend, Broer Miner Arganbright. En dit het net so gebeur dat, terwyl ek die storie vertel het, die vader van die kind teenwoordig was, en ek het hom gevra of hy die babatjie sou bring vanaand, wat nou omtrent sewe of agt maande oud is. En die babatjie is huis toe gestuur van die hospitaal af en sy eerste kos geëet, en dis nou gesond.

5 So, die familie is hier vanaand om aan hierdie sigbare gehoor, klein Ricky Duponsta voor te stel. En hulle sal hom uitbring op hierdie tyd nou, julle sal die seuntjie kan sien wat sterwend was aan kanker in die hospitaal, en die Here Jesus het hierdie babatjie genees, klein, nege maande oue, reken ek, Ricky Duponsta. Kom ons prys God vir hierdie groot ding. Dis klein Ricky. Ek dink dat dit 'n wonderwerk van Almagtige God is. (Ek weet julle is almal bly.)

Kom ons buig net ons hoofde en sê dankie.

6 Here, 'n trofee van U genade, klein Ricky is lewendig vanaand as gevolg van U goedheid; hy's hier en ons is dankbaar. Laat die outjie 'n groot man word om die Swaard op te neem nadat sy vader Dit moet neerlê, ek bid hierdie seën vir klein Ricky. In Jesus Christus' Naam. Amen.

7 Baie dankie aan julle almal dat julle hom gebring het vanaand, dis baie gaaf van julle. Baie dankie.

8 Radiogehoor, julle moes hierdie outjie gesien het wat 'n kop gehad het amper twee of drie keer die grootte van 'n normale baba, en sy kakebeentjie was so gesny, en, deur waar die dokters

getrou gewerk het om die outjie se lewe te red, en daar was niks wat gedoen kon word nie. Dit het net die demoon kwaad gemaak, en die tongetjie het uit sy mond uitgesteek en swart geword, en dit het sy wind afgesny waar dit nie deur sy neus of sy keel kon asemhaal nie. Hulle moes *hier* afsny in sy keel, of bors, en 'n fluitjie insit sodat dit sy asem op daardie manier kon inasem, en die verpleegster wat slym daaruit getrek het sodat die outjie kon asemhaal. En hier is hy vanaand 'n normale baba deur die genade van God. Ons dank die Here.

9 Nou aan julle wat aan kanker ly: Skep moed, God is 'n Geneser.

10 Vanaand wil ek graag van God se heilige Woorde lees wat gevind word in Lukas die 1ste hoofstuk en die 37ste en 38ste vers, Ek dink ek sal die—die 36ste vers ook lees.

> *En, kyk, Elisabet, jou bloedverwant,* het *self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom:. . .hierdie maand is die sesde vir haar,* wat *onvrugbaar genoem is.*
>
> *Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.*
>
> *En Maria sê, Hier is die diensmaagd van die Here; laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.*

11 Die lente-son het hoog gestyg in die lug van Judéa soos sy daardie oggend in die straat begin opgaan het met die waterpot onder haar arm. En haar klein, jong gemoed het gedink aan die vorige dag, hoedat by die—die sinagoge, waar sy en haar verloofde man gesit en luister het na 'n—'n preek van die Rabbi.

12 En hoe hy in sy gesprek aan die mense verduidelik het waarom hulle gevestig was in daardie land, dat dit 'n belofte was wat God aan hulle vader Abraham gemaak het honderde jare tevore, dat hulle daardie land sou beërwe. En hoedat wanneer God 'n belofte gemaak het, dat Hy nie kon teruggaan op daardie belofte nie. En dat hulle deur die Skelfsee gekom het soos op droë grond. En hoedat voor dit, dat God hulle uit die hande van die vyand verlos het.

13 En God hou daarvan om Sy kinders uit die hande van die vyand te verlos; Hy het dit bewys met hoe Hy met klein Ricky hier gemaak het.

14 Het hulle verlos uit die hand van die vyand, en, deur groot tekens en wonders, en hulle in die woestyn gevoed vir veertig jaar. En hulle het uit die woestyn uitgekom, 'n veertig-jaar-lange reis, met nie 'n swakke onder hulle nie; selfs hulle klere het nie verslyt nie. Wat 'n groot God wat hulle gehad het!

15 Maar aan die einde van sy boodskap het hy geruïneer waaroor hy gepraat het toe hy gesê het dat daardie groot dae van Jehova wat met mense werk soos daardie, dit nie meer nodig was nie, hulle het gevestig in hulle tuisland, en hulle het nie meer

wonderwerke nodig gehad nie, hulle het goeie dokters gehad vir hulle siekte, wat beslis goed is, en dat hulle gehad het . . . dit beter met hulle gegaan het, hulle het hulle huise gehad, en hulle het net nie meer die God van wonderwerke nodig gehad nie.

16 Maar op een of ander manier het dit nie die dors en honger van Josef en Maria bevredig nie. Julle sien, hulle was verloof om binnekort te trou.

17 En soos die gebruik was, dat na die diens verby is, wel, hy partymaal saam met haar sou huis toe gaan na haar huis toe, want waar haar huis was, dis net anderkant die heuwel waar Josef die skrynwerker 'n spesiale, huisie gebou het. Julle weet, dit moes daardie bietjie, spesiale aandag kry, want dit was die een waarnatoe hy sy bruidjie sou bring. Die deure moes net perfek toemaak, die vensters moes waterpas wees, want dit was waar hy sy lewe sou spandeer saam met sy vroutjie.

18 En na die middagete, sou hulle uitgaan op die voorstoep, miskien, en oorkant na daardie huisie kyk en droom van die tyd dat wanneer hulle bymekaar sou wees, gelukkig woon by die huis, en hoe die rose om die vensters sou wees, ensovoorts. Toe op hierdie sekere Sondagmiddag, het Josef gesê: "Hierdie is skynbaar 'n vreemde dag."

19 En Maria het gesê: "Jy weet, vandat ek die Rabbi dit hoor sê het dat 'Hierdie groot God wat ons hiernatoe gebring het en ons gemaak het wat ons is, dat Hy nie nou dinge vir ons hoef te doen soos Hy toe gedoen het nie.' Ek het vir 'n lang tyd gedink dat as hierdie God so groot was in die dae van ons vaders as wat Hy was in die dae van ons oupas, waarom is Hy dan nie net dieselfde groot God vandag nie?"

20 Dis net goeie gedagtes. En sy gaan terug in die huis in, en het gesê: "Ons sal 'n paar van die Skrifte lees, net waar God ons ook al sal lei." En sy het die Boekrol van Jesaja opgetel, en sy het begin lees, ons sou iets soos hierdie sê, Jesaja 9:6:

> *. . . vir ons is 'n* Seun *gebore, vir ons is 'n* Kind *gegee: . . .*

21 En sy kyk met haar pragtige, sagte oë na haar eggenoot, Josef, en sê: "Van wie dink jy het die profeet gepraat?"

22 "Wel," het Josef gesê: "Maria, ek glo dat hy gepraat het van die Messias wat sou kom. En dis hoekom ons ons bloedstroom skoonhou en nie meng met ander nasies nie, want eendag gaan God die Messias onder ons stuur."

23 Sy het hieraan gedink soos sy in die straat afgegaan het baie vroeg soos die son opgekom het. En—en sy het opgegaan na die openbare put om haar daaglikse voorraad water te kry. Gewoonlik, het die vroue net 'n bietjie later gekom om die water te kry, maar Maria, op een of ander manier, is sy gelei om vroeg

daardie oggend te gaan. En soos sy aangestap het en aan hierdie dinge gedink het, het sy ’n vreemde gevoel om haar gevoel.

24 En, julle weet, dis gewoonlik wanneer ons aan God dink en ons gedagtes op God hou, dat God naby aan ons kom. Ek dink dis een van die groot probleme van die mense van hierdie dag, ons het te veel ander dinge in ons gedagte. Selfs wanneer ons by ’n genesingsdiens kom, dink ons blykbaar: “Wel, ek het nie ’n gebedskaartjie gekry vanaand nie.” Of miskien: “Daar sal nie vir my gebid word nie.” Ons sal nooit in staat wees om veel te bereik solank ons daardie soort gedagtes het nie.

25 Hierdie Angelus Tempel dors na ’n uitbreek van die Heilige Gees, nie net dit nie, maar die hele Verenigde State, praat van die Christelike sfeer, wag vir herlewing in ons tyd, maar ons wag vir iets om te gebeur, en ek glo dat God dit laat gebeur het, en ons stoot dit net so iewers anders heen, tot dit by ons sal verbygaan en ons tyd van genade verby sal wees.

26 Laat ons positief wees in ons denke, laat ons glo dat die herlewing nou vanaand sal uitbreek in Angelus Tempel vanaand, laat ons glo dat hierdie die aand is wat God die uitermatige oorvloedige sal doen bo alles wat ons kan doen of dink Hy dit vanaand sal doen, moenie nee vir die antwoord aanvaar nie. Dis wanneer ons daardie dinge dink. Jy skep ’n atmosfeer rondom jou.

27 En terwyl sy hieraan gedink het, het sy haar oë opgelig en het sy gedink dat sy ’n Lig sien flikker het. En die klein maagd het, miskien, haar pragtige oë, soos dié van ’n engel, gevryf, en sy het omgekyk, en: “Wel, miskien was dit die son wat soort van weerkaats het van iets af.”

28 En sy gaan aan en gaan om die hoek, begin opgaan na die openbare put, sy laat weer haar koppie sak en trek haar tjalietjie om haar skouers, en sy het aangegaan om te dink aan: “Wat het hierdie Jesaja 9:6 beteken?”

29 Wanneer God iets op ’n persoon se hart plaas, is Hy gereed om iets te doen. Dis die rede waarom Hy gereed is om die Angelus Tempel ’n uitbreek van die Gees te gee, want dis op julle harte.

30 En soos sy aan hierdie dinge gedink het, naderhand het sy weer haar kop opgelig, sy het ’n baie vreemde gevoel gekry. Ek hou net daarvan om die Teenwoordigheid van die Heilige Gees te voel, Dit gee net daardie blye versekering. Jy hoef Dit nie altyd te sien nie, Dis daar, in elk geval.

31 En soos sy aanbeweeg het, en sy het weer haar kop opgelig, en daar het hierdie groot Lig voor haar gestaan, miskien dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het. Uit daardie Lig het die groot Aartsengel, Gabriël gestap gekom, en hy het gesê: “Wees gegroet, Maria,” beteken *om te stop*: “geseënd is jy onder die vroue.”

32 Moeilik om te sê die ander wat na die put toe gegaan het daardie oggend, miskien gedink het aan die wasgoed wat hulle moes doen, of een of ander taak, of een of ander vereniging in die kerk waarvoor hulle moes sorg, maar Maria het aan die Skrifte gedink. Was dit nie Kléopas en sy vriend op die eerste Paasoggend, dat hulle aan die Skrifte gedink het, toe Jesus aan hulle verskyn het nie?

33 En soos sy hierdie groot Engel gesien het, het dit die klein maagd laat skrik, en sy het gestop. En hy het na aan haar gekom en haar gegroet, en hy het haar 'n Boodskap gegee, dit was 'n moeilike Boodskap vir daardie kind om te glo, want sy was maar net 'n—'n meisie, en hy het haar iets gegee om te glo, wat meer besonder en moeilik was om te glo as enigiets wat hy ooit vir enigiemand gegee het.

34 Ses maande tevore het hy Sagaria die priester by die tempel ontmoet. En hy was 'n bejaarde man, en het die Skrifte gelees, en het die Skrifte geleer. En omdat hy oud was en sy vrou onvrugbaar was, het die Engel, dieselfde Engel, vir hom gesê dat, na die dae van sy bediening by die altaar, die reukwerk oor die mense se gebed gewaai het, dat wanneer hy huis toe gegaan het, sy vrou swanger sou word en 'n kind baar. En daardie prediker het die Engel bevraagteken: "Hoe kan dit wees? Ek's oud, en my vrou is oud."

35 Hy het baie voorbeelde in die Bybel gehad: Daar was Hanna by die tempel, wat Samuel die profeet gehad het nadat sy oud was; en daar was Sara, wat Isak gebaar het nadat sy amper 'n honderd jaar oud was.

36 En hier moes hierdie vroutjie iets glo wat nog nooit gebeur het nie, 'n vrou wat 'n baba kry sonder om enige man te ken, sy het gesê: "Hoe sal hierdie dinge wees, my heer?"

Hy het gesê: "Die Heilige Gees sal jou oorskadu, en daardie Heilige wat uit jou gebore sal word, sal die Seun van God genoem word."

Hou haar dop, sy het dit nie bevraagteken nie, sy het gesê: "Hier, is die diensmaagd van die Here; laat dit met my gaan volgens u Woord."

37 As ons dit net kon doen! Dis die enigste ding. Dis waarvan God hou, dis die enigste manier om reg te maak met God, is om Hom op Sy Woord te neem. Dis die enigste manier wat daar is om God te behaag, neem Sy Woord. Moenie jou kennis vertrou nie, jy sal redeneer: "Hoe kan dit gedoen word? Dit kan nie gedoen word nie." Wanneer jy redeneer, dan verloor jy die oorwinning. Ons moet redenasies verwerp en glo wat God gesê het die waarheid is.

38 Maria het Hom op Sy Woord geneem, en Hy het die hele verloop van die natuurlike lewe vir haar verander; en Hy sal die verloop van jou lewe verander vanaand as jy Hom op Sy Woord

sal neem. As jy ’n sondaar is, sal Hy daardie verkeerde lewe van jou regmaak; as jy sleg en onsedelik is, sal Hy jou so rein soos ’n lelie maak as jy Hom net op Sy Woord sal neem. Daardie vuil gewete van sonde wat jou na onsedelike goed laat kyk, en die Naam van die Here ydelik laat gebruik, genoeg humeur gee om met ’n kragsaag te kompeteer, Hy sal daardie verloop van die lewe vir jou verander en jou ’n nuwe skepsel in Sy Seun, Christus Jesus maak, deur Hom net op Sy Woord te neem.

39 As jy kanker het vanaand, sal Hy dit verander vir jou en jou gesondheid gee; as jy tuberkulose of siekte van een of ander soort het wat die dokters nie kan help nie, sal Hy dit vir jou verander as jy Hom net op Sy Woord sal neem. En hierdie is Sy Woord: “Ek is die Here julle God wat al julle krankhede genees.” O, hoe glorieryk en wonderlik is ons Here!

40 Nou, sodra die Engel haar vertel het van haar niggie, en sy aanvaar het dat die Here se wil sou geskied, was die enigste ding wat sy geweet het sou gebeur, dat die Heilige Gees dit sou doen.

41 O, as ons dit net in ons harte kon vestig! Hoe kan ’n kanker genees word wanneer die dokters dit opgegee het? Dis nie ek wat dit probeer uitredeneer nie, dis om die Woord van die Heilige Gees te neem, Hy was die Een Wat die belofte gemaak het, Hy’s die Een Wat daardie belofte bevestig, Hy is verplig om daardie belofte te hou.

42 En ek wil hê julle moet nog iets van Maria oplet, sy het nie gewag tot sy seker was nie, sy het nie gewag tot sy lewe gevoel het, of een of ander fisiese teken dat sy hierdie Baba sou kry voor sy enigiets daarvan gesê het nie, sy het net geneem . . . God se Woord was goed genoeg vir haar, en sy het dadelik begin juig.

43 O, as die Angelus Tempel, as julle mense hier vanaand, julle weet dis die wil van God om hier uit te breek vanaand, julle weet dis die wil van God om ’n herlewing in hierdie tabernakel in te stuur vanaand, God gee die belofte. Ek is gevra om nog vir ’n week te bly, en ek het dit aanvaar om nog vir ’n week te bly, omdat . . . [Gemeente gee applous—Red.] Dankie. Omdat ek, voor ek die huis verlaat het, ek die tyd ’n bietjie uitgerek het om te gaan visvang waar ek nog altyd wou, onder in Mexiko, en my goeie vriend, Broer Arganbright, sou my daarnatoe laat vlieg het op sy onkoste. Hoe ek daarvan hou om vis te vang! Maar dit is voor my gesit: “Besprekings word gemaak, die vliegtuig is gereed om Maandag te vertrek.” Maar ek het in my hart gevoel dat God iets hier by die Angelus Tempel gaan doen. En ek—ek, nie ’n fanatikus nie.

44 Toe ek die huis verlaat het, het ek vir my veldsekretaris gesê, Mnr. Mercier, ek het gesê: “Ek reken ek sal die ekstra week by die Angelus Tempel bly, want ek wil weer ’n herlewing sien uitbreek in daardie tempel wat die krag van God sal stuur, wat om die wêreld sal gaan.”

45 Dat die herlewing van die mense van God weer bymekaarkom, been na been en die seningvel, ek glo dat God dit gaan doen. Op ’n manier, voel ek dat ek ’n belofte het dat Hy dit gaan doen, in my hart beweeg daar Iets in my, sê vir my dat iets gaan gebeur. Ek het alles gekanselleer om gereed te maak daarvoor, dit plek te gee om te sien wat hierdie op my hart is wat hieroor praat.

46 Maria, sy het nie gewag tot sy seker was nie, sy het nie gewag tot sy een of ander fisiese teken gesien het nie. As ek soek na ’n fisiese teken vir waarvoor ek gelei word vanaand, sou ek soek na elke sitplek hierbinne om vol te wees, wanneer die plek net omtrent twee-derdes vol is. Maar dit maak nie saak nie, ons hoef nie ’n oorvol skare te hê nie, daar was ’n honderd-en-twintig in die bo-vertrek, maar hulle was almal in die hande van God. God het ’n herlewing begin met daardie honderd-en-twintig wat heeltemal oorgegee was in Sy hande wat nooit geëindig het nie, ’n Vuur wat nie geblus kan word nie. Wat kon God vanaand hier doen met hierdie honderde in Sy hande? Dis net om gereed te maak, te glo, Sy belofte voor Hom te hou.

47 Nou, Maria kon gewag het tot sy een of ander soort teken gehad het dat sy ma sou word; en jy kan wag na die diens verby is totdat jy voel dat jy jou kreupel been net ’n bietjie beter kan beweeg, of jy ’n bietjie beter uit daardie dowe oor kan hoor, of die kanker jou skynbaar nie soveel gepla het nie, dis nie om God op Sy Woord neem nie, om God op Sy Woord te neem, is om Sy Woord te hoor, en Dit te aanvaar, en Daaroor te begin juig.

48 Ons kon vyfhonderd sien hardloop na die altaar toe vanaand, wat dan ’n goeie teken sou wees dat die herlewing gaan uitbreek, ons hoef nie vyfhonderd by die altaar te hê nie, ons moet net God se Woord daarvoor neem en begin juig, iets sal gebeur. Dit laat die Woord lewendig word soos ons Dit water gee met lofprysinge. Wat laat ’n saad groei? Water. Wat die Woord van God laat groei, is die lofprysinge van God.

49 Toe Jesus vir hulle gesê het om te wag in die bo-vertrek, of, die stad van Jerusalem totdat hulle toegerus is met krag uit die Hoogte, het daardie Woord op hulle ore geval. Hulle was die heeltyd in die tempel besig om God te prys dag en nag. Wat het hulle gedoen? Daardie belofte water gegee. “En meteens het daar ’n geluid uit die Hemel gekom soos van ’n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.” Die Woord is water gegee, en Dit het lewe gekry en begin groei.

50 As jy ’n herlewing wil hê, begin om die Woord water te gee, die belofte. Dit laat my godsdienstig voel, self. As jy uit die rolstoel wil kom, begin om die Woord water te gee; as jy uit daardie kanker wil uitkom, begin die Woord water gee. Klein Ricky vanaand hier, is ’n getuienis dat God kanker genees; Hy

genees kanker, Hy genees al ons siektes, duisende maal duisende van onfeilbare bewyse daarvan, het ons gesien.

51 In hierdie gehoor sit vanaand Mev. Upshaw, William Upshaw se weduwee. Hoe was dit hieronder by Kopp Kerk, die, ek dink nou die Wêreldkerk genoem, toe Broer Kopp daar was wat die diens gehad het die aand…? Ek het nog nooit in my lewe van William Upshaw gehoor nie; en hy sou die kongreslid gewees het, reken ek, vir omtrent sewentien jaar, maar toe ek na die platvorm toe geloop het…

52 En dit het gebeur dat hy die ou, Baptiste prediker geken het wat my in die Baptiste kerk verordineer het, Dr. Roy E. Davis. Dr. Davis het vir hom gesê om my te kom sien wanneer ek na die kus toe kom, om my vir hom te laat bid. En hy het inbeweeg en het in sy rolstoel gesit. Meteens, het ek 'n ou hooiraam gesien en 'n seuntjie wat val, sy rug seermaak, begin sê net wat ek gesien het. Iemand het gesê: "Dis die ou kongreslid wat daar sit, William Upshaw."

53 En binne 'n paar minute, het hy my gevra of hy dink…of ek dink hy sou gesond word. En binne net 'n paar oomblikke het ek hom in 'n visioen sien loop bo-oor die mense se koppe, wat homself buig soos hy het soos die suidelike gasvryheid, en binne een minuut was hy op die platvorm, gejuig en God geprys, nadat hy in 'n rolstoel was vir iets oor die sestig jaar, dink ek. Dit was die bewys dat God genees uit die rolstoel, na hy daar in daardie rolstoel gesit het, rondgestoot is vir meer as 'n halwe honderd jaar.

54 God doen dinge op Sy Eie manier wanneer mans en vroue Hom op Sy Woord sal neem. Kongreslid het net gesê Iets het hom getref dat hy geweet het dit was die waarheid. Ek het hom nie geken nie. En as God so naby aan hom was, sou hy dit aanvaar, en uit die stoel het hy uitgegaan, en dit het dit gedoen. Het vir baie jare gelewe en getuig, God verheerlik. En met 'n onsterflike liggaam, loop hy vanaand in die strate van goud saam met die heiliges wat al heengegaan het.

55 Ek het nou die dag met sy vrou gepraat, en sy, die trane uit haar oë gevee toe sy hom haar prins genoem het, ek het gesê: "Maar hy het net Boontoe gegaan. Hy is nie dood nie, hy het net Boontoe gegaan, en wag Daarbo om jou op te help een van hierdie dae." God werk geheimsinnig wanneer ons Hom op Sy Woord neem.

56 Maria het vinnig begin getuig dat sy hierdie Baba gaan kry. Hoe gaan sy Dit kry? Sy het nog nooit 'n man geken nie, daar was nog nooit so-iets wat ooit gebeur het nie, maar sy het net die Woord van die Here geneem op wat Dit beteken het, en begin juig.

57 As elke persoon hierbinne vanaand wat gebind is met sonde in julle lewens, Hom net op Sy Woord sal neem en begin juig,

want Jesus het gesê: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Al was julle sondes soos skarlaken, hulle sal wit wees soos wol," dis nie nodig om gebind te wees nie, jy kan vry wees vanaand van jou las van sonde.

58 As daar diegene hier is vanaand wat gebind is deur siekte, neem Hom net op Sy Woord en begin juig. Julle kan vry wees, Hy het so gesê, en Hy's geen aannemer van die persoon nie. "Wie ook al wil, laat hom kom."

59 Sy was so bly daaroor, so bly dat God haar toegelaat het, om 'n eerstehandse wonderwerk met haar te laat gebeur, sy was so bly daaroor, en om te hoor van haar niggie Elisabet, tot sy van Nasaret af vertrek het bo na Judéa, die heuwels, die klein maagd wat in die pad afgaan, bo in die bergstreek in.

60 Nou, Elisabet, dit was ses maande ver met haar as moeder, en sy was baie bekommerd daaroor, die babatjie wat belowe is in haar ouderdom, ses maande, en daar was nog geen lewe in die babatjie nie. Dis heeltemal abnormaal, want omtrent drie tot vier maande verskyn lewe, maar dit was ses maande en daar was geen lewe nie.

61 En Elisabet het haarself verberg. Op 'n manier onder in haar hart het sy geglo, hoewel in haar bang toestand, dat as God hierdie belofte aan Sagaria gegee het, haar man, 'n regverdige man, en sy vir hierdie baba gebid het, en die tekens dit gewys het, sy klein kousies sou brei en gereedmaak.

62 Dis reg, maak gereed daarvoor! O, jy vanaand, kry jou kombers van jou liggaam af, kry jou voet op die vloer, maak gereed, kom uit die rolstoel uit, kom van die bed af, maak gereed daarvoor. God Wat die belofte gemaak het, hou die belofte as jy dit sal water gee met die lofprysinge van "Dankie, Here," seker dat jy weet wat jy doen, want jy staan op Sy beloftes.

63 Suid-Afrika onlangs, 'n man wat nog nooit in sy lewe 'n paar skoene aan sy voete gehad het nie, ver agter in die oerwoude was wat jare gelede gebore is uit sendelingouers, hy is gebore met misvormde voete, toe hy daar aangeloop gekom het daardeur, sy horrelvoete gesleep het, 'n skoendoos onder sy arm gehad. En iemand het vir hom gesê: "Wat het jy daarin?"

Hy het gesê: "'n Paar skoene."

Gesê: "Wat verwag jy om met hulle te maak? Het hulle . . .? Gaan hulle jou pa s'n wees?"

Hy het gesê: "Ek gaan hulle dra."

64 En toe die diens verby was, het hy daardie skoene aangehad, onder deur daardie parkeerterrein gehardloop net so vinnig as wat hy kon, God geprys. Wat het hy gedoen? Hy het God op Sy Woord geneem. Hy het gesê, in soveel woorde, toe hy gevra is, het hy gesê: "Ek het ander sien kom wat kreupel was, wat genees is, en ek het hulle gesien wat blind was, wat weer kon sien, God sou

my nie weier nie." Dis hoe om dit te glo. "God sal my nie weier nie."

65 Maria het geweet dat God haar nie sou weier nie, en so het sy bo in die berge ingegaan. En ek kan Elisabet agter in die kamertjie sien sit in die klein, kleisteenhutjie. En sy trek die gordyn oop, en sy sê: "Dit lyk asof ek daardie jong vrou behoort te ken wat daar aankom." En sy kyk weer, en sy het gesê: "Dis my niggie, Maria. Ek het haar nog nooit in my lewe so mooi gesien nie, kyk hoe gelukkig lyk sy." So by die kamer het sy uitgegaan, en sy het Maria om die hals geval en haar begin omhels en haar druk.

66 Julle weet, mense het altyd 'n gevoel vir mekaar gehad, maar vandag gee hulle blykbaar nie om vir mekaar nie, dit lyk asof al daardie broederlike gevoel uit mense uitgegaan het, dis 'n skande.

67 Ek weet my vrou is nie hier vanaand nie, maar hier 'n tyd gelede was ek en sy onder in die dorp, besig om in die straat af te ry, en 'n gawe dame wat ek geken het in New Albany, sy het gesê: "Hallo daar, Suster Branham."

En ek het haar nooit 'n woord hoor sê nie. En ek het gesê: "Skat, die dame het met jou gepraat."

En sy het gesê: "Ek het met haar gepraat."

Ek—ek het gesê: "Ek het jou dit nie hoor doen nie."

En sy het gesê: "Ek—ek—ek het geglimlag."

68 O, goeiste, ek hou nie van daardie ou, lawwe grynslaggie nie, ek—ek—ek hou van 'n regte goeie, outydse, pomp-handvatsel handdruk, ek—ek hou van 'n gevoel daarin. Dis wat die probleem is vanaand met mense, hulle het so droog en styf geword, dis wat die probleem is met die Pinksterkerk, julle het te styf geword, vriende, dis wat fout is met die Baptiste kerk, die Metodiste kerk, die mense oor die algemeen.

69 Paul Rader, wat miskien gepreek het reg in hierdie tabernakel op hierdie selfde preekstoel waar ek vanaand preek, na die hemel toe gegaan het, hy het eenkeer gesê dat hy en sy vrou langs die tafel gesit het en sy iets wou doen, en: "O," het hy gesê: "dis nie nodig om dit te doen nie." En so op 'n manier het hy haar gevoelens seergemaak. En hy het gedink: "Wel, as haar gevoelens so maklik seergemaak word, laat hulle seergemaak word."

70 So, hy het opgestaan, en die koerant op die tafel neergesit, en uitgegaan in die straat. Haar gewoonte was dat sy hom by die deur sou ontmoet en hom totsiens soen, en wanneer hy uitgegaan het tot by die hek, sou hy altyd omkyk en waai. Wel, gesê sy het hom totsiens gesoen. En uitgegaan tot by die hek en omgekyk, en gesê sy het gewaai. En—en gesê hy het in die straat begin afgaan, en Iets het hom begin aankla, gesê: "Wat as sy vandag sou sterf

terwyl jy weg is? Of wat as iets met jou sou gebeur? Sou daardie klein, vreemde gevoel, net 'n gesinsverhouding . . . ?"

71 Gesê hy het so skuldig gevoel, hy het omgedraai en baie vinnig teruggehardloop, die hek oopgeruk en ingegaan, die deur oopgegooi, rondgekyk, hy kon haar nie sien nie. Hy het haar gehoor, sy was agter die deur aan die huil. Gesê hy het nooit iets gesê nie, hy het net daar omgeloop en haar reg in die gesig gekyk en haar weer gesoen, omgedraai en weer by die hek uitgegaan, sy het daar gestaan en weer gewaai. Gesê die verskil daarvan was, die laaste keer wat sy gewaai het, het 'n gevoel daarin gehad.

72 Wel, dis hoe dit is, vriende, ons kan dit nie net op kunsmatige sit nie, ons het Pinkstervuur nodig en broederlike liefde terug in die kerk van die lewende God. Het te veel kunsmatige Hollywood grimering daaraan. Ons het 'n outydse, God-gestuurde, hemelblou, sonde-dodende godsdiens nodig om van die preekstoel af te begin en uit te gaan.

73 Om God op Sy Woord te neem. Maria, o, hoe sy gejuig en haar op die rug geklop het, en Elisabet wat haar gestreel het. En ek kan Elisabet vir Maria hoor sê: "O, skat, ek het jou nog nooit so gelukkig sien lyk nie! Dit moet wees dat jy en Josef getroud is."

"Nee."

"Wel, waaroor is jy so bly?" Sy het gesê: "Ek weet waaroor jy bly is: omdat ek gaan ma word."

Gesê: "Ja, dis deel daarvan, ek het geweet jy gaan ma word."

"Wel," het sy gesê: "Maria, dis waar. Maar ek het myself verberg vir ses maande, en ek is soort van bekommerd, Maria, omdat—dat ek ma gaan word, en tog vir ses maande het daardie baba nie eers beweeg nie, ek's net 'n bietjie bekommerd."

Ek kan die mooi oë van Maria sien skitter, en gesê: "Elisabet, ek het iets om jou te vertel! Ek gaan ook 'n ma wees."

"O, Maria, het jy nie nou net vir my gesê dat jy en Josef nie getroud is nie?"

"Dis reg, ons is nog nie getroud nie."

"En jy gaan ma word?"

"Ja!"

"O, ek's . . . " Sy was so verbaas.

74 Maar Maria het gesê: "Wag 'n bietjie, Elisabet, nou die oggend, was ek op pad gewees na die put, en dieselfde Engel wat aan Sagaría verskyn het, het aan my verskyn daaronder en gesê ek sou 'n Baba kry sonder om 'n man te ken, en ek moet Sy Naam, Jesus, noem."

75 En sodra sy gesê het *Jesus*, het klein Johannes uitgeroep en begin spring van vreugde. En sy het gesê: "Waarom kom die moeder van my Here na my toe? Want sodra jou groet my ore bereik het, het my baba in my skoot gespring van vreugde."

76 En as die eerste keer dat die Naam van Jesus Christus ooit gespreek is deur menslike lippe, lewe gebring het vir ’n dooie baba, wat behoort dit te doen aan hierdie Angelus Tempel wat aanspraak maak om wedergebore te wees uit die Gees van die lewende God? Neem Hom op Sy Woord, begin juig, begin Hom glo. God sal groot dinge vir julle doen as julle dit net sal glo. Glo Hom, neem Sy Woord, dis die eerbaarste ding wat jy kan doen, is om God op Sy Woord te neem. Moenie aan Hom twyfel nie, glo Hom net met alles wat in julle is. Glo Hom, en God sal dit laat gebeur. Glo julle dit?

Kom ons bid.

77 O Here, U ken die swakheid van menslike lewe, en U ken die krag van die Naam van Jesus, want Hy het vir ons gesê toe Hy op aarde was, dat om te glo dat wat ons gesê het, sou gebeur, en ons kon kry wat ons gesê het. Gee ons geloof vanaand, Here, gee ons geloof soos ons op ’n herlewing aanspraak maak, ’n uitstorting van U Gees hier in die Angelus Tempel in hierdie komende dae. Gee ons van U seëninge vanaand om te begin op hierdie tyd.

78 En mag mans en vroue wat hier sit, wat verlang en gewag het vir ’n tyd wanneer hulle kon uitreik in geloof en sê: “Jesus, ek gee nou my hele lewe oor aan U, ek is nou siek en sat om net ’n halfpad vir U te lewe,” gee vanaand, Here, dat hulle die groot uitstorting van die Heilige Gees mag ervaar in hulle lewe.

79 Gee aan daardie arme, verdwaalde sondaar, Here, wat ’n vreemdeling vir God is, afgesny sonder God, sonder hoop, sonder genade, en op die regte tyd het Christus gesterf vir daardie persoon, en het nou die Heilige Gees gestuur om hulle na Hom toe te bring, gee, Here, dat daardie persoon vanaand in staat sal wees om U te ontvang as hulle persoonlike Verlosser.

80 En mag die herlewing sommer gou op sy pad kom, Here. Laat ons wees soos Longfellow gesê het: “Moenie soos stom, aangejaagde beeste wees nie, maar wees ’n held.” Gee, Here, dat elke Christen ’n bietjie nader aan U sal trek, sy geloof sal opneem, en dit aan U sal aanbied, sê: “Here, help my om alles te doen wat nou in my mag is, siende dat U naby is,” dat die groot Jesus, Wat in Galiléa gewandel het, die Heilige Gees gestuur het, Sy Verteenwoordiger, om Hom te verteenwoordig deur hierdie tydperk, gee dat hulle Hom sal aanvaar vanaand.

81 O Here, ons wil ook bid vir hulle wat siek en behoeftig is, hulle wat gekluister is aan stoele en in beddens en op draagbare, U is meer as gewillig om hulle vry te maak vanaand. As daardie sprankie geloof, wat hulle nou in hulle hart rondtas, laat dit aan die brand slaan, Here, soos ’n vuurmaakhoutjies, vir die belofte van God. Mag hulle opstaan uit hulle stoele en—en uit hulle siek toestande vanaand, met hartprobleme en verskillende kwale, en vrygemaak word deur die Seun van God, daar weer ’n outydse herlewing in Los Angeles mag wees.

82 Hulle buite in die radioland, Here, wat siek en beproef is, soos ons daagliks van hulle hoor, "O, hoe ek wens ek kon by die tempel kom," sê hulle, gaan nou daar uit, Here, op die etergolwe van hierdie radio, gaan by daardie ou pa langs wat daar in die bed lê, ma daar in die hospitaal, en die babatjie, of wat dit ook al mag wees, laat die krag van die lewende God in hulle lewe inkom en hulle siekte veroordeel in die Lig van Gólgota, en hulle weer opwek in gesondheid en krag.

83 Daardie sondaar wat mag inluister op hierdie tyd, Here, mag hulle hulle lewe net nou oorgee. Daardie wederstrewige seun wat mamma nie kon kry om kerk toe te gaan nie, maar per toeval inluister, daardie meisie wat in hierdie tiener ruk-en-rol is, God, laat haar weet dat daardie klein liggaampie van haar binnekort deur ruspers gevreet sal word, waar sal daardie dwalende siel dan oorkant in die midde van duiwels van pyniging wees deur al die eeue wat sal kom? God, mag daardie kind vinnig na Jesus toe draai vanaand. Skenk dit, want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

84 Net voor . . . Ek het vir Billy gesê om nie enige gebedskaartjies uit te gee vanaand nie, ek het nog iets in my gedagte gehad. My siel brand vir herlewing, dis wat my hart verteer. Toe ek die eerste keer na Los Angeles toe gekom het, het ek gehoor van die stigter van hierdie tempel, Mev. McPherson, en ek het opgegaan na die Ooste, of, die Forest Lawn, dink ek word dit genoem, en haar graf besoek, en daar gestaan, my hoof gebuig, en gesê: "Here, dankie vir 'n groot lewe van hierdie vrou."

85 Ek het haar nie geken nie, het nooit die voorreg gehad om haar te sien nie; ek het haar bandopnames by die huis en haar boeke en goed wat ek gelees het. Die dame het, miskien, haar foute gemaak, soos ek het, en julle het, ons het hulle almal gemaak, maar hierdie tempel staan vanaand as 'n gedenkteken van haar liefde aan Jesus Christus.

86 En hierdie nasies wat om hierdie muur is, is—is ook 'n gedenkteken van hoe God die werk geëer het. Laat ons dit in die gesig staar, mense. Dis presies reg. Mag dit lank staan as 'n sielreddingstasie vir die Koninkryk van God tot Jesus kom, is my eenvoudige en nederige gebed.

87 Julle wag vir iets, julle verlang na iets, elke hart hierbinne verlang na iets, harte in radioland verlang na iets. Neem my woord as julle broer. Ek weet ek kan nie goed praat nie, eerste ding, ek het geen geleerdheid nie, ek's 'n Suiderling, ek kry my woorde heeltemal deurmekaar, maar moenie enige aandag daaraan gee nie, sien dit net oor, kyk na waarvan ek praat: Dis van Jesus, en Hy het my gered in al my verderflikheid, en my verkeerde spraak, en my onetiese gepraat, wel, Hy—Hy het my daarin gered.

88 En soos iemand gesê het van die gehoor: "Dis goed genoeg." Dit is vir my. Solank ek weet Hy's in my hart, is dit al waarvoor ek omgee, die volgende ding is om Hom te behaag, om alles te doen wat ek weet hoe om te doen om Hom te behaag.

89 Nou, siende dat ek vir Billy gesê het om nie enige gebedskaartjies te gee nie, het ek gedink ek sou praat oor naby wandel en mense te kry om God te dien. Nou, die Heilige Gees is hier, die Engel van die Here. En ek het verskillende soorte rye hier gehou in die aand, een geneem, hulle net te vang onder deur waar die Heilige Gees my ook al heen lei om te beweeg om met die mense te praat vir onderskeiding. En soos ek Broer du Plessis 'n paar oomblikke gelede dit ook hoor verduidelik het, ek het die ry geneem waar ek net een vir een geneem het vir die onderskeiding, en dan allerhande verskillende maniere, en dit lyk asof die mense in Amerika dit blykbaar nie reg verstaan nie. Wat makeer, my liewe vriende?

90 Kyk, as 'n man daar by die deur ingekom het vanaand, en—en hy mag 'n—'n Rus, Siberiër wees bedek met groot baard, maar as hy jou 'n tjek gee, hy het—hy van die poskantoor af gekom het, en 'n boodskapper, vir jou 'n tjek gegee het vir 'n miljoen dollar, kan jy juig oor die tjek net soveel as wat jy kan oor as 'n prins van 'n vreemde volk dit na jou toe sou gebring het, dis die tjek waarna jy kyk.

91 Nou vanaand is Christus teenwoordig. Julle soek na iets ver in die toekoms, en ek is bevrees julle gaan daar bo-oor dit, net soos dit in alle eeue was. Laat ek nou net 'n gedagte gee om saam met die woord te gaan wat ek pas gespreek het. Besef julle dis hoe dit in alle eeue gebeur het? Julle Katolieke mense noem Sint Patrick 'n Katoliek, net omtrent soveel as wat ek is; ek's die outydse Katoliek, soos ek julle gesê het. Maar nadat hy dood was, sy bediening verby was, *toe* is hy gekanoniseer as 'n Katoliek.

92 Sint Francis van Assisi, die wandelende prediker met 'n Bybel onder sy arm, wat, die voëls geskree, en hy gesê het: "Bly stil, my sustertjies, terwyl ek die Evangelie preek." Toe, nadat hy dood was, het julle hom 'n Katoliek gemaak. Wat van Jeanne d'Arc? Enige van julle skoolkinders sou van haar weet, hoe daardie dame visioene gesien het, wonderwerke gedoen het, en wat het die Katolieke kerk gedoen? Haar op die brandstapel verbrand as 'n heks, as 'n Beëlsebub. [Leë kol op band—Red.] Want sy was gesalf met die Gees van God, en sy het wonderwerke gedoen, en die kerkwêreld het haar nie herken totdat sy weg was nie.

93 Wees versigtig dat ons nie dieselfde ding doen nie. Die Heilige Gees is nou hier in Sy volheid, in Sy krag. Wees versigtig, as jy nie wag tot. . . Almal wat nie die Seël van God ontvang het nie, het die merk van die dier gekry. Julle weet wat die merk van die dier was, was om die Seël van God te verwerp.

94 In die Ou Testament wanneer die basuin geblaas het, het die Priester die basuin geblaas as 'n slaaf nie wou vry wees nie, moes hy verseël word, deurboor in sy oor met 'n els, dan was hy 'n slaaf vir die res van sy dae. "Geloof kom deur die gehoor." As jy dit nie hoor en dit ontvang nie, dan is jy gemerk aan die ander kant, dan kan jy nie inkom nie. Laat ons vanaand begin in 'n herlewing en ons harte oopmaak vir die Heilige Gees terwyl die uur hier is.

95 As Jesus Christus, God se Seun, nou na hierdie gehoor toe sal kom, en julle wat daarbuite sit, as Hy sal kom en hier van die platvorm af doen, net soos Hy gedoen het in die dae van Sy vlees, hoeveel hierbinne sal Hom ontvang (Steek julle hande op wanneer julle net hierbuite sit, wie julle ook al is.), as dit eenmaal deeglik bewys kan word dat dit waarheid is?

96 Moses het 'n teken gehad om vir die mense te doen, en hy het dit gedoen, Israel het hom gevolg. Hy hoef nie daardie teken oor, en oor, en weer oor te bly doen het nie, hulle het begin volg, en ander wonderwerke het plaasgevind.

97 Jesus het 'n teken gehad om te doen, daardie egtes het Hom geglo toe Hy hulle gedagtes kon onderskei; die ander het gesê Hy was Beëlsebub omdat Hy dit gedoen het. Nou, watter plek sou jy vanaand wou neem as jy jou keuse moes maak?

98 Nou, hoe. . .? Elke siek en beproefde persoon, sodat ons dit van ons hande af kan kry, daar's nie een persoon hierbinne wat ek ken, behalwe Broer Duffield wat daar sit nie, Broer David du Plessis. En sover ek weet is dit die enigste persone wat ek hierbinne sien wat ek. . .Hierdie broer hier oorkant, ek vergeet net wat sy naam is, die onderwyser, Weston, ja, Broer Weston. Dis die enigste mense wat ek ken in hierdie gehoor.

99 Hoeveel daarbuite weet dat ek heeltemal vreemd is vir julle? Steek julle hande op, steek net julle hande op, ek ken julle nie. Goed.

100 Nou, as jy ly, glo jy God net nou. Hierdie is 'n uitdaging. En as Jesus Christus sal kom. . .

101 "Hoe word dit gedoen, Broer Branham?"

102 Ek wens ek kon julle sê, ek weet nie. Dis net, ek gee net myself oor aan die Heilige Gees en julle eie geloof doen dit; ek het niks daarmee te doen nie, dis julle wat dit doen.

103 God, toe Hy Sy gawe sou gebruik, Dit was in Jesus, het Hy vir Hom gewys dat Lasarus sou sterf, en Hy het Hom weggeneem vir vier dae, en Hy het alles daarvan geweet, en vir Hom gesê wat sou gebeur, en toe Hy teruggekom het, het Hy Lasarus uit die dood opgewek, gesê: "Ek dank U, Vader, dat U My alreeds gehoor het, maar vir hulle wat daar gestaan het, het Ek dit gesê," niks oor Hom wat swak geword het nie.

104 Maar 'n vroutjie het Sy kleed aangeraak en Hy het swak geword daarvan, van 'n bloedvloeiing. Sien, dit was die vrou wat

God se gawe gebruik het, daardie ander was God wat Sy gawe gebruik het.

105 Nou, wanneer God een van die groot visioene gee, is dit partymaal ure. My vrou het gesê ek sit partymaal en beweeg nie eens nie vir 'n hele tyd. Wat is dit? Dis iets wat aangaan, Hy vertel my alles van wat gaan gebeur. Ek sal enigiemand uitdaag. Soveel keer as wat julle dit gehoor het, honderde maal honderde en honderde kere, nie een keer het dit gefaal nie, en dit kan nie faal nie; ek kan faal, maar dit kan nie, want dis God. En ek's net 'n kanaal wat 'n gawe gegee is wat ek net myself oorgee aan die Heilige Gees. En wanneer die Heilige Gees oor jou begin beweeg vir 'n sekere ding, begin Dit *hier* inbeweeg, en ek, Dit neem net my stem en begin praat. Dis hoe dit is, dis al wat ek daarvan kan sê.

106 Jy kan dit nie verduidelik nie. Die mens kan God nie verduidelik nie, jy moet God glo deur geloof. Jy ken God nie deur geleerdheid nie, al jou grade laat jou God nie meer ken nie, God word geken deur geloof, deur geloof alleen. En jou geloof is die enigste ding wat Hom kan aanraak.

107 Nou laat ons bid. Gee julle julle geeste oor. Asseblief, as Hy dit sal doen, moet julle nie faal nie, julle wat opgelig het julle . . . As jy 'n sondaar is, wil ek hê jy moet hier na die altaar toe kom. As jy 'n afvallige is, wil ek hê jy moet kom sodra hierdie verby is, as Hy dit sal doen. As jy 'n Christen is, wil ek hê jy moet opstaan in Christengeloof, jouself belowe dat jy God met jou hele hart sal dien en nooit ophou bid totdat die herlewing begin beweeg nie.

108 Here, ek ken nie hierdie mense nie en U weet dit, Here. Maar ek bid dat in die Naam van U Seun, die Here Jesus, dat U op hierdie harte sal beweeg om geloof te hê. Vader, ek besef dit sal geen verskil maak hoe grootliks U my kan salf nie, as U nie iemand daarbuite salf om dit te glo nie, kan daar niks gedoen word nie. Want toe U na U Eie landstreek toe gekom het, kon daar baie wonderwerke nie gedoen word nie, as gevolg van hulle ongeloof, of geen wonderwerke gedoen word nie. U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Maar toe hulle wat glo U ontvang het, toe het daar tekens en wonders plaasgevind. Laat dit weer wees vanaand, Here.

109 U ken die hart van U dienaars. Ons probeer nie anders wees nie, ons probeer net aan die mense verduidelik, Here, dat U begeerte is vir hulle om op te staan in die Naam van U Seun. En U Teenwoordigheid is hier om hulle gesond te maak, en om hulle van hulle sondes te red, en hulle van hulle siektes te genees. O Here God, U Wat U Engel gestuur het en opdrag gegee het vir hierdie werk, laat dit weer wees. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

110 Elkeen van julle in die gehoor nou, wees baie eerbiedig, sit stil, kyk hiernatoe, en glo, en sê in jou hart: "O Here God, as U

net hierdie keer sal, laat dit nog een keer vir my wees, ek weet die man ken my nie, hy weet niks van my af nie, maar laat hom net met my praat. Ek wil die kleed van U Seun Jesus aanraak, die Hoëpriester, dan as ek dit gedoen het, praat U terug deur Broer Branham soos U het met U Seun Jesus daardie dag, toe Hy belowe het die dinge wat Hy gedoen het, sou ons ook doen. Dan as U daardie belofte waar kan maak, Here, U het dit belowe, U het belowe om dit te stuur, en as U daardie gawe na U Kerk toe gestuur het, dan is daar genesing ook in die Kerk, en is die belofte myne, en U werk met my." Ek is seker God sal julle seën as julle dit sal doen.

111 Net so eerbiedig as wat julle kan wees, net stil. Ek besef . . . Julle—julle weet waar ek op hierdie tyd staan. Dit moet . . . Ek moet gevind word om die waarheid of 'n leuen te vertel, net nou.

112 Hier's 'n dametjie, wat hier sit met haar sakdoek teen haar neus, wat hierbuite sit, die—die trane van haar gesig afvee. Sy ly aan 'n senuweeprobleem, nie waar nie, suster? Ek wil vir jou iets vra: Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie. Wel, natuurlik, ek reken hulle het nooit enige gebedskaartjies uitgegee nie, daar's geen gebedskaartjies nie. Maar het jy nie daar gesit en bid vir die Here nie: "Laat dit ek wees, Here"? As dit reg is, steek jou hand op, dame. Nou, as ons vreemdelinge is vir mekaar, wuif jou hand soos *hierdie*, dat ek niks van jou af weet nie, jou nog nooit in my lewe gesien het nie.

113 Wat het sy aangeraak, vriende? Sê my watter soort krag sy aangeraak het wat die geheime van haar hart ken en kon sê waaroor sy gebid het, haar gebed weer herhaal vir haar. Dink julle daardie vrou wat bid in die Naam van Jesus kan enigiets anders aanraak as Christus? Word wakker, mense, vir die feite dat Jesus Christus hier is. Nie ek nie, ek verteenwoordig Hom.

114 Reg hierdeur staan daardie Engel. Kan julle nie daardie Lig sien nie? Dis reg bokant 'n vroutjie, wat sit, reguit na my kyk aan hierdie kant. Sy ly aan 'n longprobleem. Cleo is jou naam. Glo jy dat Jesus jou genees het van daardie longprobleem? Jy's genees, suster.

115 Ek wil vir jou iets vra terwyl jy op jou voete is: Ek ken jou nie, ken ek? Steek jou hande op dat . . . Ek het jou nog nooit gesien nie, of ons is totale vreemdelinge, is dit reg? Maar jy het gebid vir God om jou aan te raak. Dat jy mag weet dat ek God se dienskneg is, jy's hier sonder geld, jy—jy kan nie veel langer bly nie. Is dit reg? En gaan jy nou huis toe, jy's reg, jou longprobleem het jou verlaat. Amen.

Glo jy Hom net.

116 Hier, reg agter in hierdie ry hier, is daar 'n dametjie wat daar sit en reguit na my kyk, en sy ly aan 'n maagprobleem, dis in haar maag, *hier*binne. Jy het soort van knoppe op jou liggaam, soort van. Dis reg, is dit nie? Jy's van Michigan. As jy sal glo met—met

jou hele hart en alles wat in jou is, as jy glo met alles wat in jou is, kan jy huis toe gaan, gesond wees. Doen jy dit, dame? Steek jou hand op, sê: "Ek aanvaar dit." Goed. Gaan nou huis toe en word gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

117 Ek ken jou nie, ken ek, dame? Ek het jou nog nooit gesien nie, ons is van verskillende state en alles. As dit reg is, steek jou hand op, dame. Dis reg. Maar God ken jou.

Nou glo julle, elkeen van julle?

118 Wat van julle, sommige hierbuite voor my, net reg voor aan hierdie kant? Glo julle bo in die balkon. Moet net nie ontsteld wees nie. Kom net eerbiediglik, sê: "Here God, praat met my." Ek gee nie om of jy ryk of arm is nie, net solank jy geloof het wat eenvoudig genoeg is om die Hoëpriester aan te raak.

119 Hier, hier hang die Lig oor 'n gekleurde vrou wat net hier op die punt van die ry sit. Net hier. Ek. . . Mev. Jones, dis jy. Mense begryp dit nie, jy moet hulle amper vertel wie hulle is. Mev. Jones, ek ken jou nie, is dit reg? Jy het diabetes. Glo jy Jesus Christus sal jou gesond maak? Steek jou hande op as dit waar is. Goed, gaan huis toe en word gesond, in die Naam van die Here Jesus.

"As julle kan glo!"

120 Hier sal ek julle wys: Dit het die aandag van 'n vrou wat langs haar sit, getrek. Ek weet nie of die vrou my kan hoor of nie, ek bid dat God my sal laat, my stem na haar toe sal kom. Jy's hardhorend, dis jou ore. Dis reg. Jy het 'n knop op die agterkant van jou hand. Jy is Mev. Brooks. Dis reg. Jy kan my nou hoor. Gaan huis toe en word gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

121 Kom ons sê: "Prys God." "As julle kan glo, is alles moontlik." Wat van agter aan hierdie kant, iemand?

122 Hieragter in die middel van die paadjie is 'n vrou wat bid. Sy het hoë bloeddruk, ek sien haar 'n ding om haar arm sit. Hierdie dame net hieronder, wat oorkant toe kyk. Mev. (Here, help my.), Mev. Fry. Staan op, Mev. Fry, Jesus Christus maak jou gesond.

Glo julle?

123 Daardie dame, die vrou wat langs haar sit, sy het probleme wat sy vir 'n lang tyd al het. Het jy 'n gebedskaartjie, dame? Nee, natuurlik het jy nie. Die. . . Goed. Staan 'n oomblik op jou voete. Die Engel van die Here is rondom die vrou, daardie Lig. Hierdie dame net hier. Ek sê vir jou, sodat jy sal weet jy het die regte een: Hierdie dame is nie van hier nie, sy's van Arizona. Jy het 'n motorongeluk hier gehad 'n tyd gelede, van toe af pla dit jou al, dis SO SPREEK DIE HERE. Dis reg. Dis nou alles verby.

124 Sien julle wat doen sy? Sy skuif haar liggaam. Jesus Christus maak hulle gesond. Glo julle nou? Geseënd sy die Naam van die Here! Wanneer jy nie eens wil, daarop kan reageer nie, noem God hulle name en sê vir hulle wie hulle is.

125 Hoeveel mense hierbinne wil 'n goeie, naby wandel met God hê en wil hê hierdie selfde Heilige Gees wat nou hier is, moet in julle lewe inkom? Sal julle julle hande opsteek? Sal julle op julle voete staan, elke persoon wat 'n wandel met God wil hê? Die Heilige Gees is hier.

126 Hoeveel sondaars en afvalliges is daar wat hier sal uitstap in die paadjie, en my hiernatoe laat kom en vir julle bid net hierbo om hierdie rostrum? Sal julle net nou uitkom? Kom reguit hiernatoe. Loop reguit af terwyl die orrel speel. Moenie—moenie—moenie . . . Net omdat ons die mense laat opstaan het . . . Die genesingsdiens gaan binne 'n oomblik plaasvind.

127 Ek wil hê julle wat nie reg is met God nie, en julle weet julle is nie, kom reguit hiernatoe. Dis reg. Loop reguit op in hierdie plek hier. Kom reguit op. Dis reg. Kom reguit vorentoe, sondaarvriend, Ek bied vir julle Jesus aan vanaand, dieselfde Jesus wat die gedagtes van die hart ken. Waarom kan ek hulle nie almal roep nie? Goeiste, kyk net hoe hulle kom! Sien? Maar Hy's die Een Wat vir my sê, Hy's die Een Wat sê: "Sondaars is hierbinne, afvalliges, roep hulle, vinnig."

128 Hierdie mag die laaste kans wees wat jy ooit sal kry. Neem God op Sy Woord, Hy praat nou met jou, nou is die tyd van jou verlossing. Kom, sondaarvriend, kom, afvallige, wederstrewige, wat afgedwaal het van God, kom terug huis toe vanaand, sal jy nie? Ek bied vir julle Jesus Christus aan, die Seun van God, Wat nou teenwoordig is, die einste Een wat met jou hart praat. Wees julle nou eerlik, regtig, vir hierdie tyd in julle lewe, wees eerlik, die Heilige Gees praat nou. Kom nou.

> Kom, elke siel deur sonde verdruk,
> Daar's genade by die Here.
>
> Kom na hierdie Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Wanneer sondaars gedompel word onder die vloed,
> Al hulle skuldvlekke verloor.
>
> Die sterwende dief was bly om te sien
> Daardie Fontein in sy dag;
> Daar kan ek, tog sleg soos hy,
> Al my sondes wegwas.
>
> Vandat ek deur geloof daardie stroom gesien het
> Wat U vloeiende wonde voorsien het,

O, geseënd sy die Here, ek voel diep gesalf met die Heilige Gees.

> Was verlossingsliefde my tema,
> En dit sal wees totdat ek sterf.
>
> Dan in 'n edeler, soeter lied,

Sal ek U krag om te red besing,
Wanneer hierdie arme lispelende, hakkelende tong
Stil lê in die graf.

129 Ek kan nie sterf nie, Hy het my onsterflike Lewe gegee deur Jesus Christus. Julle mag 'n ware storie eendag lees dat Broer Branham heengegaan het, maar onthou, ek's nie dood nie, ek kan nie sterf nie, Hy het my Lewe gegee, ek het Dit aanvaar. En dieselfde Heilige Gees wat my net hier ondersteun vanaand, dat ek die waarheid praat, die Seun van God is net nou teenwoordig wat bevestig dat ek die waarheid gepraat het.

130 Kom, sondaarvriend, hierdie is die plek om rus te vind. As jy vermoeid en moeg is van die lewensprobleme, as jy verward en verbouereerd is oor doodgaan, kom, laat Jesus in jou hart inkom en elke sonde wegneem. Afvallige, kom jy nou, kom na die altaar toe, laat ons bid.

131 Goed, almal nou, is julle klaar? Moenie dat hierdie weggaan vanaand nie. Hierdie is die aand wat iets moet gebeur. Ek het heeldag lank gebid: "O God, doen iets vanaand." Ek het gekanselleer, ek het geweier, en al die res gedoen om hier te kom om dit te doen; ek weet dat Iets met my hart praat. God se Woord sê so, Sy Heilige Gees hier ondersteun dit en sê dis die waarheid. Wat kan julle nog wil hê? Wat kan Hy nog doen?

132 Onthou, hierdie is die einde van die Heidense bedeling, onthou, dis SO SPREEK DIE HERE. Dis tyd vir die Heidene om, tydperk om op te hou, en wanneer die Heidense tydperk ophou, dan gaan die Evangelie na die Jood toe, en dan is dit alles verby. Kom sommer gou in die Koninkryk in, kinders. Komaan, Metodis, komaan, Baptis, komaan, Presbiteriaan, enigste ding wat ons julle vra om te doen, is om na Jesus toe te kom.

133 Pinkster is nie 'n denominasie nie, Pinkster is 'n ondervinding. Pinkster is geen denominasie nie, Pinkster behoort aan almal, dis 'n ondervinding wat jy het. Jy kan nie Pinkster organiseer nie, Pinkster is 'n ondervinding wat God vir gelowiges gee. Dis vir jou, Metodis, Presbiteriaan, Baptis, Lutheraan, wat nog, ek's self 'n Baptis, en ek het die Heilige Gees. Ek's 'n Heilige Gees-Baptis, en bly daaroor vanaand, dat ek 'n ondervinding het om wedergebore te wees uit die Gees van God.

134 Hoeveel nou, wat in julle sitplekke staan, wil 'n dieper wandel met God hê? Steek julle hande op, wat die Heilige Gees het en 'n dieper wandel met God wil hê. God seën julle harte. Dis reg. O, ek het Dit 'n persoon net toe sien tref net so seker as wat ek hier staan. Hy's hier om dit te doen as jy Hom net sal glo.

135 Laat ons nou ons hande opsteek, elkeen nou, terwyl ons vir die siekes bid, vir die beproefdes bid, vir die Heilige Gees bid om te val. Bid jy vir iemand langs jou om die Heilige Gees te kry,

hulle sal vir jou bid. Laat ons dit nou sien gebeur, die Heilige Gees is hier.

136 O Here, Skepper van Hemel en aarde, stuur die Vuur af uit die Hemel, en vul hierdie kamer en elke hart met die doop van die Heilige Gees. Mag Hy val soos 'n geweldige rukwind, in elke hart invlieg, en hulle hulle trots en hulle—en hulle selfsugtigheid verloor, en in die arms van God inval en gevul word met die Heilige Gees.

59-0409 Maria Se Geloof
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org